

Liefdegawes

Onder die diens: Barmhartigheidsfonds – om hulp te verleen aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Randburg (GKR) wat in finansiële nood verkeer.

By die deure: Transoranje Instituut vir hulp aan die vyf skole vir leerlinge met spesiale onderrigbehoefes.

Gedagte vir die week

"As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. Volg jy My!" – Johannes 21:22

Dankie

Dankie aan al die **diensgroepvrywilligers** wat by die eredienste help – met blomme, koffiemaak, koekies bring, klank en beeld, groet, taalversorging en meeleeffasilitering. Baie dankie aan **JP van der Merwe** wat die orrelbegeleiding by die aanddiens waarneem.

Nuwe intrekkeers en besoekers

Baie welkom by die GKR. Voltooi gerus die welkomblaadje in die voorportaal as jy meer van ons gemeente wil weet of by ons wil inskakel. Gooi dit in die gleuf vir welkomblaadjies, of in die rooi posbus (met die boodskap "Gesels met ons") in die voorportaal.

Baie **welkom** aan Elsabé en Jacques Labuschagne van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**, wat ons ná die oggenddiens sal toespreek. Hulle het ook 'n uitstalling in die voorportaal.

Inligtingssessie vir nuwe lidmate

19 September | 09:00 – 12:00

Wil jy graag meer van ons gemeente en die GKR uitvind? Dan is hierdie oggend spesiaal vir jou. Alle **nuwe lidmate** word hartlik uitgenooi na ons **inligtingssessie vir nuwe lidmate**. Ons begin die oggend om 08:30 met koffie en ligte verversings, waarna ons saam gesels oor waaroor die GKR gaan en wat alles binne ons gemeente gebeur. Kom ontdek watter Bybelstudie- en diensgroepe daar is waarby jy kan inskakel, en kry sommer die geleentheid om ander lidmate beter te leer ken.

En natuurlik is ons **"ou" lidmate ook baie welkom!** Kom kuier saam en help om ons nuwe lidmate tuis te laat voel. Laat weet asseblief vir Lizette van Wyk by 083 626 0603 indien jy dit wil bywoon. Ons sien uit daarna om saam met jou te kuier en jou nog beter te leer ken.

Ons leef met mekaar mee

Karien Botha, dogter van Carmen (082 413 4926) en Jan (082 896 3963), is gekies vir die Gautengse o.16-sportskietspan. Sy gaan einde September aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap deelneem. Baie geluk!

Wimpie Janse van Vuuren se toestand is steeds kritiek nadat 'n brein-aneurisme gebars het. Pogings om sedasie te verminder was nie suksesvol nie en hy bly steeds geventileerd in die intensiewesorgeenheid. Mag die Here ook vir **René** (083 593 0539) en die kinders krag skenk.

Verjaarsdae

Sondag 6 September			
Hennie Frauendorf	083 376 5290		SO 04
Johnic Smith	061 487 9100		SO 08
Peet Steyn (4)	065 615 9072 (Esta)	072 659 6585 (Petrus)	NO 10
Maandag 7 September			
Aiden Nightingale (8)	083 471 3756 (Liezl)		SO 11
Chanri van Niekerk	082 729 1383		ST 07
Hannatjie Viljoen (73)	066 266 3211		ST 03
Christiaan Vosloo	073 622 1265		ST 10
Dinsdag 8 September			
Kobie de Jong (85)	082 829 3351		WA 07
Jessica Rossouw	082 447 8207		GKN
Nadia Smuts	072 396 8800		WS 09
Jan Venter (85)	082 850 9806		WS 10
Donderdag 10 September			
Nicolene Coetzee	082 554 6027 (Sharon)		SO 10
Annelie Combrink	083 268 0622		WS 08
JC du Plessis (18)	083 272 0912 (Sonja)	083 384 7305 (Louis)	WS 07
Zaiden du Plessis (2)	066 470 3374 (Ilze)	072 978 6414 (Brandon)	WS 09
Theo Pistorius	072 597 0239		ST 02
Tjaart Steyn (18)	083 388 1034 (Antoinette)	083 564 4595 (Philip)	ST 07
Leonie Venter (78)	073 363 4918		WA 06
Vrydag 11 September			
Juan de Beer	071 881 4013		SO 02
Ansie Otto	083 326 1248		ST 03
Robbie Pettit (72)	071 345 6872		WS 07
Saterdag 12 September			
Fika Janse van Rensburg (75)	082 870 2656		WA 04
Luska van Heerden			NO 02
Alida Venter	083 263 4794		SO 06

Ons help mekaar

Liefdevolle dagmoeder vir 0- tot 3-jariges. Op soek na 'n veilige en liefdevolle plek vir jou baba of kleinding? Vergeet van 'n groot kleuterskool – jou kleinding verdien **persoonlike liefde, individuele aandag en versorging** deur die dag. As 'n **gekwalfiseerde verpleegster** in Randparkrif bied ek 'n veilige, rustige en liefdevolle omgewing waar jou kleinding kan groei en ontwikkel. Kontak **Liesa van der Walt** by 076 411 6462.

Is daar dalk iemand in ons gemeente wat 'n geleentheid of kontak het vir 'n ervare en toegewyde dame wat tans **op soek is na werk**? Madeleine beskik oor ervaring in **sekretariële en administratiewe werk**, asook as *executive PA*, en sal graag haar vaardighede in 'n nuwe werksomgewing wil aanwend. Sy is ook oop daarvoor om as 'n versorger of huismoeder te werk, waar sy graag van haar tyd en ervaring wil gebruik om vir ander om te gee en iets van waarde terug te gee. 'n Tutorpos in Afrikaans en Engels is ook 'n moontlikheid. Kontak **Madelein Terre Blanche** by 082 361 1871.

Kom kuier saam

Saamkuier ná die aanddiens

Baie dankie aan die gr. 9-katkisasiegroep wat vanaand **vetkoek en maalvleis** bedien. R30 per persoon om onkoste te dek, wat kontant, met 'n bankkaart of Zapper betaal kan word.

Kreatiewekunskuier

Vroue – jonk en minder jonk – word herinner aan ons Kreatiewekunskuier op **12 September** 09:00. Kontak: Aletia 072 600 4613 | Alet 082 805 1252.

LofPrysSing

Kom sing en kuier saam! Ons loof ons Here by die spesiale geleentheid op **16 September** 18:30: Koffie en kuier. 19:00: Lofprysing. Vir meer inligting kontak Corné by 084 580 8883.

Gemeentekamp

Kom beleef saam 'n besonderse kampnaweek by Ruah Park van **16 tot 18 Oktober**. Hierdie pragtige kampterrein, geleë naby die Dinokeng-gebied noord van Pretoria, bied die ideale geleentheid om as gemeente saam te kuier, te ontspan en geestelik versterk te word. R1 460 per staanplek (privaat ablusiegeriewe). Kontak Deseré by 082 520 3670.

Saam aan tafel – Dankfees 2026

Saterdag **24 Oktober** vier ons ons Dankfees – en vanjaar doen ons dit **saam aan tafel**. Dit is 'n geleentheid vir die hele gemeente om saam te kom, saam te eet, saam te kuier en dankbaar te wees vir God se goedheid. Ons elkeen, van jonk tot oud, het 'n plek aan die tafel. Kom deel in die vreugde van gemeenskap, lekker kos, goeie geselskap en 'n hart vol dankbaarheid. **Ons tafel is groter wanneer ons dit saam deel.**

Maak nou die datum vas en kom geniet 'n dag propvol aktiwiteite vir álmal.

Mense wat hul produkte graag wil uitstal, kan die kerkkantoor kontak.

Het jy geweet? Of wonder jy ook soms?

Ons wil graag kort insetsels plaas om vrae te beantwoord of terugvoer te gee oor wat in ons gemeente gebeur. As jy enige sake het waarom jy wonder of 'n antwoord wil hê, kan jy 'n nota in die posbus los.

Ons het in Januarie 'n skrywe in die nuusblad geplaas oor die sinodebesluit oor die “Vrou in die Amp”. **Het jy gewonder** of enige verdere besprekings of besluite geneem is?

Die kerkraad het op sy vergadering van 27 Augustus, uit oortuiging van die Woord van die Here, besluit dat vroue wat die gawe het, soos mans, in die diens van ouderling geroep en bevestig kan word. Die kerkraad verkies om die afkorting VinD (Vroue in die *Diens*) te gebruik, eerder as die geykte VIDA (Vrou in die *Amp*). Die rede hiervoor is dat die woord *amp* in die volksmond (ook kerkvolk) iets van 'n gesagposisie aantoon. Die Woord is egter duidelik dat net Christus Hoof van sy kerk is en alle dienaars net sy gesag bedien.

Deel van die kerkraad se besluit is om die besluit nie onmiddellik uit te voer nie aangesien die GKR wil deelneem aan die kerklike prosesse wat volg ná die Algemene Sinode (2026) se besluit om gemeentes met vroue-ouderlinge “buite kerkverband te stel”.

Ons wil graag elke lidmaat uitnooi en saamneem in ons proses om hierdie saak in ons gemeente, tot eer van die Koning van die kerk en tot opbou van ons gemeente, te hanteer. Lees dus die e-pos wat Donderdagmiddag gestuur is en let op verdere afkondigings met inligting hieroor. En kom gesels saam.

Stuur gerus 'n e-pos na Kantoor@gkrandburg.org.za as jy nie die e-pos ontvang het wat Donderdag gestuur is nie.

Ons gemeente se bankrekening-inligting.

Maandelikse dankoffers: <i>Gereformeerde Kerk Randburg; Absa;</i> <i>Takkode: 632 005; Tjekrekeningnr.: 170340000.</i> Verwysing: <i>Jou lidmaatkode/-nommer + van</i>	Diakonale dankoffers: <i>GKR Barmhartigheidsdiensfonds; Absa;</i> <i>Tjekrekeningnr.: 4082000901.</i>
Snapscan QR-kode:  Zapper QR-kode: 	Snapscan QR-kode:  Zapper QR-kode: 

As jy nie weet wat jou lidmaatsnommer is nie, kontak die skriba (skriba@gkrandburg.org.za) of die kerkkantoor (kantoor@gkrandburg.org.za).



www.gkrandburg.org.za

Dankie, Home Connect, vir gratis Wi-Fi vir uitsendings.
www.home-connect.co.za

Ds. Charl van Rooy
Ds. Joop van Schaik
Ds. Stephanu de Villiers

Koster: Morkel Johl
Kerkkantoor: Karina Voogt
Orrelis: Anneliese Marshall
Rekenmeester: Herman Venter
Kerkraadskriba: Gert Lindeque
Emerituspredikante:

082 377 5912 charl@gkrandburg.org.za
082 776 7188 joop@gkrandburg.org.za
076 943 1333 stephanu@gkrandburg.org.za
083 629 7470 koster@gkrandburg.org.za
082 404 8478 kantoor@gkrandburg.org.za
082 524 6414 marshall.anneliese@gmail.com
082 457 3897 finansies@gkrandburg.org.za
083 283 1180 Skriba@gkrandburg.org.za
Ds. Koos Saayman (082 338 8150)
Ds. Nico Botha (083 629 8740)